

hy die kenmerkende van die mens in die funksionele wat in werklikheid nie veel sê nie.

'n Ander stelling wat hy maak is dat 'n analise van die fundamentele struktuur van die menslike aktiwiteite ons in staat stel om hierdie aktiwiteite as 'n organiese geheel te sien.

'n Analise van die struktuur van die menslike aktiwiteite is nog nie 'n analise van die mens self nie; daarom kan 'n analise van al die verskillende menslike aktiwiteite (kultuursektore) nooit die mens as organiese eenheid verklaar nie. Hierdie kultuursektore is die resultaat van die aktiwiteite van die mens en nie sy samestellende dele nie.

Die band, stel hy verder, wat hierdie verskillende kultuuraktiwiteite saambind is 'n *vinculum functionale*. In al hierdie aktiwiteite moet ons die gemeenskaplike oorsprong opspoor en hierin die eenheid van die mens soek. Daar is egter 'n dieper eenheid in die mens en ook in sy verskillende kultuurskeppinge as die onderlinge verbondenheid wat in sy simboliese funksie gegee is. As Cassirer dus die mens en sy eenheid prinsipieël vanuit simboolvorming wil verklaar neem hy 'n gedeelte vir die geheel aan (*pars pro toto*).

In 'n filosofiese sintese van die mens moet gesoek word na 'n eenheid van handeling en 'n eenheid in die proses van skepping. Die gevolge van die handeling en die produkte van die skepping is te veelvoudig in die verskillende kultuursektore. "In the boundless multiplicity and variety of mythical images, of religious dogmas, of linguistic forms, of works of art, philosophic thought reveals the unity of a general function by which all these creations are held together."<sup>1</sup>

Om die wesenlike van die mens te soek in so 'n algemene funksie kan ons nie bevredig nie. Dit is só algemeen omdat dit so 'n groot verskeidenheid moet dek, dat daar nie veel gesê word nie. Hy probeer om hierdie moeilikheid te omseil deur die funksie te omskrywe as die funksie tot selfbevryding. Al sou ons hierdie algemene funksie toegee, het Cassirer tog nie tot die wesenlike van die mens deurgedring nie. Daar is nog ander en belangriker funksies wat die mens in sy menswees moet vervul soos reeds hierbo uiteengesit. Dit is 'n miskennis van die wese van die mens om in 'n mensverklaring nie rekening te hou met sy geskiedenis na die beeld van God, met sy sondeval en sondegebondenheid, met sy wesenlike onselfstandigheid en afhanklikheid van God, ens. nie. (sien eie mensbeskrywing hierbo).

## HOOFSTUK 15 DIE MENS EN SY KULTUUR : DIE KULTUURSEKTORE

1. Mite en Godsdiens. In sy ontleding van mite en godsdiens probeer Cassirer aantoon dat hierdie maar net 'n ander terrein is waarop die mens deur middel van sy simboliese funksie tot selfkennis en selfbevryding kom. In 'n oortuigende en hoogs wetenskaplike ontleding probeer hy aantoon hoe dat die mens ook in sy godsdiens hom geleidelik losgemaak het van natuurgebondenheid en ontwikkel het tot die vryheid van selfbepaling in die verwesenliking van die hoogste ideaal. Hierdie ontwikkeling word aangedui

deur die simbole wat hy in sy godsdiensoefening gebruik het. Alhoewel ons die hoogste agting vir sy ensiklopediese kennis van die verskillende godsdiensoefeninge het en ons dit nie sal waag om sy gegewens in twyfel te trek nie, wil ons tog beweer dat die gevolgtrekkings waartoe hy geraak nie korrek is of kan wees nie, omdat hulle andersyds gebaseer is op 'n valse begrip van godsdiensoefening en hy andersyds sy genetiese gegewens transendentiaal vertolk. Solank hy die oefening van die godsdiensoefening as enkel 'n kultuuraktiwiteit sien, kan hy nooit tot die wese van godsdiensoefening deurdring nie.

Dit is nie dat ons wil beweer dat daar geen verband tussen godsdiensoefening en kultuur is nie. Omdat die ware godsdiensoefening die hele mens betrek moet hy ook in die oefening van sy godsdiensoefening, God in die kultuur verheerlik en dien. Godsdiensoefening is nie deel van die mens se kultuur soos Cassirer beweer nie maar kultuur is eerder deel van die mens se godsdiensoefening.

As ons hier van godsdiensoefening praat, bedoel ons godsdiensoefening in beide die engere as die wyere sin of anders gestel, dan sluit dit beide die godsdiensoefening en die religie in. Godsdiensoefening het eintlik te doen met die direkte verhouding tot God soos die mens dit beoefen in sy gebed, loflied, erediensoefening, ens. Religie betrek die hele lewe wat in diens van God gestel moet word. Dit sluit in die mens se aanleg, vermoëns en talente; sy roeping, sy taak en professie of ambag; sy kultuurvorming, sy sosiale verhoudings, ens. Dit alles moet geskied tot eer en verheerliking van God, in Sy diens en aan Sy wetsorde onderworpe.

Kultuurskepping, dit wil sê natuur- en mensbeheersing, is 'n opdrag van God en God het die mens met sekere vermoëns en gawes bedeel sodat hy hierdie opdrag kan uitvoer. Hierteenoor beweer Cassirer dat die vermoë tot kultuurskepping 'n verwerwing van die mens self is en dat dit juis die weg is waarlangs die mens hom self verwesenlik.

In beide kultuur en godsdiensoefening word daar van simbole gebruik gemaak. In die godsdiensoefening is die simbool van baie belang; dit is 'n sinnebeeld van iets onsienliks. Omdat Cassirer egter aan die simbool die ordeskeppende mag gee, waar hy dit ook al vind, is hy gedwonge om die godsdiensoefening as 'n kultuuraktiwiteit te sien.

Ten spyte van hierdie intieme verband tussen godsdiensoefening en kultuur is hulle wesenverskillend van mekaar. Kultuur het te doen met 'n verhouding van mens tot mens en van mens tot natuur. Ons kan dit 'n horisontale verhouding noem. Godsdiensoefening het met 'n vertikale verhouding te doen naamlik van mens tot God. Waar daar in godsdiensoefening nog 'n horisontale verhouding is (beheersing van mens en natuur, diens van barmhartigheid, ens.) is dit gefundeer in hierdie vertikale verhouding. Cassirer sien nie verder as hierdie horisontale verhouding nie en daarom kan sy godsdiensoefening nooit meer as sedelik wees nie en is sy God vir hom die simbool van die hoogste ideaal van sedelikheid. Sy godsdiensoefening is nooit meer as mensdiens nie.

Die wese van hierdie vertikale verhouding bestaan in diens en onderwerping van die mens aan die genade en openbaring van God en die wese van die horisontale verhouding bestaan in beheersing. In die natuur en as

deel van die natuur is die mens onderworpe aan die natuurwet wat nie oortreebaar is nie. In die kultuur het die mens te doen met norme en wette wat en gegee en deur die mens opgestel is. In die godsdiens het die mens te doen met gebooië wat deur God gegee is. Omdat die mens vry is kan hierdie gebooië, wette en norme oortree word en is vryheid 'n kulturele en godsdiensstige verskynsel. Vir Cassirer is hierdie norme, wette en gebooië simbole; dit wil sê skeppinge van die menslike gees waardeur die mens sin, betekenis en orde aan die dinge gee en waardeur hy gaandeweg vorder op die pad van selfkennis en selfbevryding.

In hierdie verhoudings betoon die mens steeds sy onselfgenoegsaamheid en afhanklikheid teenoor God want in die kultuur is sy beheersing maar net betreklik en nie absoluut nie en in sy godsdiens absoluut onderworpe. God is radikaal bo die mens verhewe, is absoluut, algenoegsaam, ens. en staan bo enige wet of norm. Daarom het Cassirer ongelyk as hy in sy mensbeskouing die mens verabsoluteer sodat selfs God 'n skepping van die menslike gees is.

In die daarstelling van sy kultuur het die mens verskillende instellings bewerkstellig waarin verskillende maatskaplike verbande vasgelê is. Ons noem hier huwelik, gesin, volk, staat - almal kultuurinstellings. In sy godsdiens het die mens ook met sy medemens te doen; daarom word al hierdie genoemde instellings daarby betrek. Die kerk as organisme is egter geen kultuurinstelling nie maar 'n godsdiensstige instelling. So gou die kerk uitsluitlik 'n kultuurinstelling word, mis dit sy doel en is dit geen kerk meer nie. So 'n verskil kan Cassirer nooit erken nie sonder om van sy hele kultuurbeskouing af te sien.

Omdat Cassirer in sy ontleding van die godsdiens nie verder kom as die hoogste vorm van sedelikheid nie, is dit vir ons nodig om te wys dat daar 'n wesensverskil is tussen godsdiens en sedelikheid en dat sy ontleding van godsdiens dus foutief is.

In die geskiedenis van die filosofie het groot denkers van alle tye hulle steeds besig ghou met die probleem van die sedelikheid. Alhoewel daar groot onderlinge verskille bestaan oor wat sedelikheid is, is hulle dit almal daarmee eens dat dit 'n tipies menslike verskynsel is - dit het te doen met die mens en menslike handeling en gedrag. Omdat alle handeling en gedrag egter nie op die sedelike terrein is nie, was dit juis die probleem om vas te stel wat die grond van die sedelike is. Dit is egter nie ons probleem nie. Wat van belang is, is om te weet dat sedelikheid te doen het met menslike verhoudings, of om dit anders te stel, met mens-tot-mens verhouding (naaste en self ingesluit). Die sedelike kan dus nie in die natuur aangetref word nie maar wel in sommige gebiede van die kultuur. Die sedelike kan ook nie in die godsdiens in die engere sin aangetref word nie, maar wel in die religie. In die godsdiens het ons te doen met 'n mens tot God verhouding. Dit is nie dat daar nie 'n intieme verband tussen godsdiens en sedelikheid is nie. God eis van die mens 'n hoogstaande sedelike lewe, want ook daardur word hy verheerlik. God kan ook gedien

word in self- en naasteliefde. Hierdie liefde is nie gerig bloot op die mens as mens nie maar tot die beeld van God waarna elke mens geskape is; daarom is die ware liefde tot die mens gegrond in die liefde tot God. Die religieuse verdiep die sedelike maar het die sedelike as onderlaag nodig. As godsdiens net op die vlak van die sedelike bly, kom dit nooit verder as verdienste nie en mis dit die wese van godsdiens naamlik genade.

Die hoogste vorm van sedelike lewe (volgens Cassirer reinheid van hart) het nog nie eers oor die drumpel van godsdiens **gegaan** nie; ons het dan nog altyd te doen met die bogenoemde horisontale verhoudings, terwyl godsdiens te doen het met die vertikale verhouding. Uitgaande van sy standpunt het Cassirer in sy godsdiensbeskouing geen plek vir dit wat te doen het met die vertikale verhouding nie. Ons kan met 'n enkele voorbeeld volstaan, naamlik bekering en wedergeboorte. Dit het niks te doen met die kultuur of sedelikheid nie en kan nie geneties verklaar word nie, maar moet gesien word in die lig van die vertikale verhouding.

Cassirer se ontleding van die godsdiens kan nie korrek wees nie want in sy ontleding maak hy geen verskil tussen die ware en valse, egte en onegte godsdiens nie (genetiese gegewens transendentiaal vertolk). So 'n onderskeid is 'n sine qua non vir enige suiwere en korrekte ontleding van wat godsdiens is.

Dat al hierdie godsdiensvorme wat Cassirer ontleed, elemente van godsdiens bevat, wil ons geredelik toegee. Al hierdie vorme bevat, al is dit maar in kiem, 'n aanduiding van 'n verhouding van die mens tot iets buite hom, iets wat groter en magtiger is as hy is. Daar is dus altyd iets teenwoordig van die genoemde vertikale verhouding. Met die sondeval het die mens sy direkte kontak met God verbreek en met sy degenerasie het God vir hom vervaag. Ten spyte hiervan het hy egter die hunkering na God behou - 'n *sensus divinitatis* - en omdat hy God nie meer geken het nie, het hy sy eie god gemaak en dit gedien. Hierdie god wys meesal heen na 'n openbaring van God in die natuur - vergelyk die sonaanbidding. Hierin lê die dryfkrag vir en die verklaring van die valse godsdienste. As die mens geen ingeskape vermoë van kennis van en hunkering na God gehad het nie was afgodediens onmoontlik. God het die in Sy alwysheid en genade so bepaal dat daar nog altyd draers van die ware godsdiens was, sodat die mens die weg terug kon vind. Dit is uit 'n ontleding van hierdie valse godsdiensvorme wat Cassirer godsdiens wil verklaar. Dit is geen wonder **nie** dat hy dit as kultuurvorme sien, want hulle is skeppinge van die menslike gees.

Ware godsdiens is om met totale oorgawe in dienende gemeenskap met God te wees. Hierdie God is ewig en onveranderlik en Hy openbaar Hom op verskillende wyses aan die mens. Hierdie openbaring aanvaar die mens in geloof. Omdat Cassirer nie die openbarings-element in die godsdiens ken nie, stel hy in die plek van die openbaring die simbool, wat geen openbaring is nie - daarom kan sy ontleding nie korrek wees nie want openbaring is een van die belangrikste elemente van die godsdiens.

Cassirer sien heeltemal tereg in die valse godsdienste 'n ontwikkeling, 'n ontwikkeling wat gepaard gaan met die ontwikkeling van die mens.

Hierdie ontwikkeling is steeds na hoër vlakke en die wese van die ontwikkeling lê in 'n steeds veranderende godsbegrip. In die ware godsdienst is daar ook ontwikkeling, maar hierdie ontwikkeling staan steeds in die lig van 'n meer volkome kennis van God en 'n suiwerder vertolking van Sy openbaring.

Baie meer aspekte van ware en valse godsdienst kan bespreek word, maar bostaande is voldoende om aan te toon dat Cassirer, as gevolg daarvan dat hy nie 'n onderskeid tussen die twee trekke nie, nooit tot die wese van godsdienst kan deurdring nie.

Die kern van Cassirer se dwaling lê hierin dat hy in sy godsdienstbeskouing geen ware God ken nie - die god wat hy ken is 'n skepping van die menslike gees, 'n simbool.

2. Taal. Die wese van taal lê vir Cassirer nie in sy vorm of struktuur nie maar in sy funksie. Hierdie funksie, gesien vanuit sy transendentale visie, is produktief en konstruktief en is deel van die mens se orde- en sisteemskepping. In sy ontleding van taal probeer hy aantoon hoedat die mens in die aanleer en vorming van taal hierdie funksie uitvoer. Oor sy uitgangspunt het ons ons reeds uitgespreek en ons bepaal ons dus daarby hoedat hierdie uitgangspunt hom tot 'n foutiewe siening van taal bring.

Dit wil egter nie sê dat daar geen waarheidsmomente in sy beskouing is nie. Met sy besonder helder siening het hy sekere waarhede onderstreep. Ons noem die volgende:

Taal tref ons net by die mens aan en nie by die dier nie. Ook kon taal nie ontwikkel het uit die klanke en geluide wat diere maak nie. Dit is trouens een van die redes waarom hy 'n wesensverskil tussen mens en dier sien. Nie alle geluide wat mense maak is egter taal nie. Tussen die mens se emosionele uitroepe en taal is daar 'n wesensverskil.

Alhoewel taal iets unieks is, dit wil sê anders as kuns, wetenskap, godsdienst, ens. word al hierdie kultuurverskynsels op 'n baie innige wyse saamgebind.

Die historiese en genetiese benadering van die taal het besonder baie waarde vir die verklaring van taal. Die transendentale vertolking van die historiese en genetiese gegewens, lei vir Cassirer egter dikwels op 'n dwaalspoor. Die volgende voorbeeld verduidelik: In die vertolking van die genetiese gegewens in verband met die ontstaan van taal verklaar hy dat taal en mite 'n gemeenskaplike oorsprong het. Hierdie twee is wesensverskillend van mekaar en kan nie onderling verklarend wees nie en ook nie dieselfde oorsprong hê nie. Die mite is 'n religieuse geloofsantwoord op fundamentele vrae, terwyl taal die menslike openbaring in hoorbare en verstaanbare klanke is van dit wat hy ontwaar het.

Ons wil geensins die belangrikheid van die funksie van taal betwis nie, maar om die wese van taal in sy funksie te soek is maar 'n gedeeltelike benadering van die hele probleem. Alhoewel ons dus die waarde van die funksionele aspek van taal beseft, stem ons nie saam met Cassirer se

siening van wat die funksie is nie. Uitgaande van sy standpunt is hy genoodsaak om in sy ontleding tot sekere gevolgtrekkings te geraak waarmee ons nie kan saamstem nie.

Net soos die funksionele noodwendig is vir taal, is ook die kosmiese essensieel. Onder die kosmiese (fanerotiese) verstaan ons dit wat aan die mens geopenbaar is - dit sluit in die natuuropenbaring sowel as die openbaring van mens aan mens. Hierdie kosmiese bepaaldheid van en betrokkenheid op taal sien Cassirer nie raak nie. Taal is deïkties en ekspressief aan die ontiese of kosmiese verbonde, daarom moet dit as 'n opsetlike openbaring daarna heenwys en moet dit die ontwaring van die ontiese openbarend uitdruk. Die mens staan in sy taalgebruik voor 'n godgeskape wêreld, 'n wêreld waaraan hy self behoort en 'n wêreld wat aan hom in die Skrif en in die natuurgeopenbaar is. By Cassirer word simboolskeppend 'n eie menslike wêreld met sy sisteem en orde ook in sy taal daargestel en hy kan vanweë sy transendentale siening net die funksionele bepaaldheid van taal aanvaar.

Die band tussen taal en die kosmiese lê in naamgewing, woordvorming en sinsvorming (spreke). Hierdie drie is innig verbonde en tog nie dieselfde nie. Woordvorming is afhanklik van naamgewing en sonder woordvorming is spreke onmoontlik. Naamgewing is die toekenning van linguale eienskappe aan dinge en aktiwiteite, dit wil sê dit is die realisering van die potensiële benoembaarheid wat wesenlik in die dinge lê. Hoedat die naam gegee word is nie hier ter sake nie - wat tersake is, is dat die naam 'n toegekende eienskap van die benoemde ding is. Hierdie band sien Cassirer nie raak nie. Vir hom is naamgewing en daarmee woordvorming die inwerking-treding van die simboolskeppende funksie van die mens.

Naamgewing is nog nie woordvorming nie maar omdat die mens name op hulleself kan hanteer, word die name losgemaak van hulle draers en wys hulle nou as woorde heen na hulle draers en verteenwoordig hulle die draers. Die woord het simbool geword vir dit wat die betrokke naam dra. Hierdie woorde of simbole is alleen woorde kragtens die feit dat hulle in die plek van iets staan, dat hulle simbool is vir iets en dat hulle heenwys na iets. Behalwe dat Cassirer nie onderskei tussen naam en woord nie, sien hy die woord as simbool nie as heenwysend, as staande in die plek van en betekenend van die hele ding nie. By hom is die simbool 'n inherente deel van die menslike wêreld en dit verteenwoordig nie iets anders nie. Daarom kan hy ook nie hierdie band tussen die taal as woord en die kosmos sien nie. Vir hom is naamgewing en woordvorming 'n suiwer funksionele realisering van die menslike wêreld sonder verband met Gods skepping en die orde wat Hy daarin geplaas het.

Ook in die sinsvorming (spreke) word hierdie band tussen die taal en die kosmos gegee. Spreke is iets anders as naamgewing en woordvorming. Name en woorde bring nie die onderlinge verhouding van dinge tot mekaar uit nie - selfs ook nie waar hulle verhoudings simboliseer nie (hoër, beter, onder, ens.). Dit is spreke (sinsvorming) wat die verband, die samehang en die verhouding van dinge tot uitdrukking bring. Om dit te kan doen moet hier-

die sinsvorming 'n bepaalde struktuur hê. Die spreke is dan 'n openbaarmaking van die kosmos self. Dit wil glad nie sê dat alle spreke dus 'n ware openbaring van die kosmiese is nie, want hier geld geen wette nie maar wel norme. Dit wil ook nie sê dat alle spreke by alle mense identies is nie. Die teenoorgestelde is waar want hierdie linguale opbaarmaking hang ten nouste saam met die persoonlike aanleg, belangstelling, behoeftes, ens. van die spreker. Dit is om hierdie rede dat ons nie van 'n logiese struktuur van taal kan praat nie maar wel van 'n linguale. As taal egter sy taak wil vervul, moet hierdie band met die kosmiese in ag geneem word. Vir Cassirer is spreke maar net 'n deel van die simboliese funksie van die mens in sy orde en sisteemskepping; daarom staan die mens ook in sy taal gevange in sy simboliese skeppinge terwyl vir ons die hele wêreld van God ook in die mens se taal oopstaan.

Cassirer onderskei tussen die taak van taal en sy funksie. Hy beskou die taak van die taal om aan die mens se gevoel en gedagtes op duidelike en paslike wyse uitdrukking te gee; om 'n gemeenskap van mense moontlik te maak want dit is deur taal dat mense gebind word. Teen hierdie siening het ons geen beswaar nie maar so eenvoudig is die taak van taal nie. Die eerste taak van taal is net soos dit by alle kultuuraktiwiteite die geval is, die eer en verheerliking van God. Taal moet die mens verder in staat stel om sy godgegewe roeping op aarde te vervul. Deel van hierdie roeping is om die sin en orde wat gegee is te openbaar en hiervoor is taal 'n onmisbare middel. Hierdie openbaarmaking vereis benoeming van die potensieel benoembare en dit eis dat die betekenis en sin in simbole vasgelê sal word. Dit is nodig sodat die mens vir hom helderheid kan kry in dit wat hy ontwaar het, maar ook sodat hy dit aan ander kan oordra. In hierdie sosiale taak van taal word die mens in staat gestel tot gemeenskaplike godsdiensbeoefening en vervulling van kultuurarbeid. Sonder taal sou dit nie moontlik wees nie.

Die funksie van taal is vir Cassirer meer produktief en konstruktief as wat dit rekonstruktief is. Hierdie produktiwiteit en konstruktiwiteit is gewortel in die simboolfunksie waardeur die mens 'n nuwe wêreld van simbole skep. Die funksie van taal is dan om die mens in staat te stel om uit die warboel van indrukke en gewaarwordings orde en betekenis vir hom daar te stel. Hierdie funksionele proses lei die mens van 'n subjektiewe na 'n objektiewe stand, van 'n emosionele na 'n teoretiese houding, van die konkrete na die abstrakte, van die besondere na die universele en elke voorwaartse stap lei na 'n meer omvattende oorsig en 'n beter oriëntering en organisasie van ons sintuiglike wêreld. Dit is in hierdie siening van die funksie van taal waar ons radikaal van Cassirer verskil. Die funksie van taal is nie om 'n wêreld van orde en sisteem te skep nie maar om die ontwaarde as ontwaarde te openbaar. Hierdie openbaring word bewustelik, opsetlik en verantwoordelik deur die mens gedoen en sodoende word die bedekte oopgemaak, die gesluisde ontsluit, die onsigbare sigbaar gemaak - so kan ons nog baie ander analoë funksies van taal noem.

Waar Cassirer die eenheid wat taal omspan in die simboliese funksie sien, sien ons hierdie eenheid in die openbaringsfunksie. Om die eenheid van taal net in die simboolfunksie te soek is oorvereenvoudiging van die probleem. Die eenheid van die taal word, behalwe deur sy funksie, ook bepaal deur sy vorm, struktuur, inhoud, ens. Die eenheid van taal as taal lê daarin dat dit die mens as mens, met al sy groot verskeidenheid van aanleg, talente, ens. onder al die moontlike verskillende omstandighede, met al sy verskillende geskiedenis, in staat stel om dit wat hy ontwaar het op hoorbare en sinvolle wyse aan die hoorder te kan oordra. (Alle ander vorme van taal is afleidings hiervan.). Ten slotte is die funksie van taal nie selfbevrydend nie maar self en kosmosopenbarend in die mens se vervulling van sy roeping as kultuurskepper.

Ons het alreeds daarop gewys dat Cassirer in sy ontleding van taal nie 'n onderskeid maak tussen naamgewing en woordvorming nie en dat hy ook nie aantoon dat spreke iets anders is as die gee van name en gebruik van woorde nie. Hy neem hierdie as 'n saamhorige groep wat die sin en betekenis dra en stel dit teenoor die waarneembare. Hierdie onderskeiding is onvoldoende maar hy is daartoe a priori bepaal deur sy transendentale siening. Hy kan hulle nie onderskei nie want hulle is almal simbole. Hierteenoor stel ons dat die naam nie 'n simbool is nie maar 'n toegekende eienskap van die ding. Die woord wat na aanleiding van die naam gevorm is, is 'n simbool maar die spreke met die daarmee saamgaande sinsvorming is meer as simbole, al word daarin van simbole gebruik gemaak.

Ook sien hy simbole anders as ons. Vir ons is simbole heenwysend na iets en staan dit in die plek van iets; vir hom is dit nie heenwysings na die werklikheid nie maar 'n orgaan waardeur die werklikheid vir die mens daargestel word. Om met 'n voorbeeld te verduidelik: Vir ons staan die woord boom as 'n simbool van 'n werklikheid buite ons; vir hom is die woord boom 'n simbool waardeur aan die sintuiglike ervaring wat deur 'n fisiese objek bewerkstellig is, sin en betekenis gegee word. Dieselfde geld mutatis mutandis vir sinsvorming en spreke.

Om hierdie kritiek kort saam te vat: Cassirer se vooropgestelde denkbild bepaal hom tot 'n humanistiese taalbeskouing want ook in sy taalbeskouing word die mens verheerlik en word aan die mens magte toegesê wat hy nie besit nie. Sy beskouing is ook transendentaal-funksionalisties want deur die wese en eenheid van taal in die funksie te aanvaar, moet die mens in hierdie funksie vir hom 'n die wêreld skep waardeur hy van die kosmos vervreemd raak. In hierdie vervreemding moet hy hom losmaak van sy sintuiglike gebondenheid aan die natuur en moet hy hom al skeppende - ook deur middel van taalvorming - voortbeweeg op die pad van selfbevryding. Op hierdie wyse stap Cassirer verby die wese van taal wat juis lê in die band wat dit met die kosmos het. Hy neem ook nie die openbaring van God in die kosmos in ag nie en kan daarom nie die ware funksie van taal onderskei nie - 'n funksie wat openbarend van die openbaring is en nie ordeskeppend en selfbevrydend nie.

3. Kuns. Omdat kuns so intens subjekgebonde is, is dit een van die kultuursektore waarin Cassirer sy simboolteorie die duidelikste kan weergee, veral omdat die verbeelding van die kunstenaar 'n vryheid van skepping het wat nie geval met die simboolvorming in die ander sektore is nie, altans nie op die wyse nie. Die uiteensetting van sy beskouing is ook baie oortuigend en bevat heelwat waarheidsmomente.

Tereg erken hy die outonomie van kuns, alhoewel hy dit op ander grond as ons aanvaar, maar dit sluit aan by sy hele beskouing. Kuns is vir hom outonoom omdat dit van andersoortige simbole gebruik maak en omdat deur kuns 'n ander soort werklikheid blootgelê word. Ons sien kuns as soewerein in eie kring omdat kuns nie in diens moet staan van godsdiens, sede, politiek of enigiets anders nie, alhoewel kuns hierdie terreine kan bevrug. Behalwe dit het kuns sy eie aard, struktuur en bestemming sowel as sy eie wette en norme.

Cassirer het ook gelyk as hy stel dat kuns aan beide die subjektiewe en objektiewe pole gebonde is en dat hulle in enige ware kunswerk in hulle regte verhouding tot openbaring kom. Ons wil egter daaraan herinner dat ons opvatting van die pole anders is as die van Cassirer en dit is belangrik vir ons hele siening.

Dat kuns nie die uiting is van die onbeteuelde hartstogte van die mens is nie, wil ons beaam. Kuns word nie gebore uit die emosionele opwellinge nie, maar kom tot stand wanneer hierdie emosies gedissiplineerd en doelgerig op kunsskepping gerig is. Ons wil nie hiermee te kenne gee dat estetiese ontroering van enigste belang is nie. Ander funksies word ook betrek in die kunsvorming.

Dat kuns 'n aktiewe proses is wat selfverwesenliking en vryheid bewerkstellig is ook waar, alhoewel ons onder vryheid iets anders verstaan as Cassirer, maar hieroor later meer.

Ons aanvaar ook dat daar 'n innige band tussen vorm en inhoud in die kuns moet wees. Al is die twee nie een nie kan hulle nie van mekaar geskei word nie. Dit is soms selfs moeilik om hulle te onderskei.

Ons stel ook, nes Cassirer, dat kuns dialogies en dialekties van aard is want die kunsskepper wil sy siening in die kunswerk as boodskap bring. Die kunstgenieter moet hierdie boodskap kan verstaan en vertolk en dit is net so 'n aktiewe proses as wat die kunsskepping is.

Ons wesensbeswaar teen Cassirer se kunsbeskouing lê in sy uitgangspunt, sy transendentale siening. Hy erken nie die objektiewe moontlikheid wat in die kosmos self lê om tot kuns omgevorm te word nie. Kunsskepping is nie net "from outside to inside nie" want die kunstenaar is onderhewig aan wette en norme wat nie deur die mens gestel word nie, maar wat onafhanklik van hom bestaan. Kunsskepping en -geniëring moet gesien word as "from outside to inside to outside". Beide is 'n gawe van God, uit genade aan die mens toebedeel deur middel waarvan hy tot kennis van die Heerlikheid van God kan kom. Daarom is alle ware kuns en kunstenaarswerksaamheid in laaste instansie tot eer van God, al is die kunstenaars-

naar 'n ongelowige. " ... so is die funksie van die kunstenaar om die wondere van die stoflike en die geestelike wêreld, ook die van die eie siel, te ontdek en esteties te interpreteer."<sup>1</sup>

Vanuit sy transendentale siening is dit ook te verstane dat Cassirer sê, "Beauty must be defined in terms of an activity of the mind."<sup>2</sup> So gesien is die skoonheid in die natuur afhanklik van die simboliese-funksionele aktiwiteit van die menslike gees; daar bestaan nie natuurskoonheid per se nie. Hy probeer hierdie kritiek te ontwyk deur estetiese van organiese skoonheid te onderskei. Vanuit sy standpunt mag hy nie hierdie onderskeiding maak nie want volgens hom moet skoonheid 'n simbool wees en 'n simbool is vir hom 'n skepping van die menslike gees wat nie na iets heenwys nie. As hy dan van organiese skoonheid praat moet dit heenwysend wees en weerspreek hy hom dus self.

Hierteenoor stel ons dat God die skepper is van die skoonheidsmoontlikheid in die natuur en Hy laat die skoonheid in die natuurontwikkeling onder Sy voorsienige bestuur ontstaan; daarom bestaan natuurskoonheid of dit nou al deur die mens ontwaar is al dan nie. God het die mens ook met die gawe bedeel om skoonheid te skep en te geniet en ook hierin is hy beeldraer van God. Sy skoonheidskepping (kuns) is egter altyd sekondêr van aard, tydelik en vernietigbaar. Laat ons probeer verduidelik. Dit is nie 'n skepping van die menslike gees dat twee klanke in harmonie met mekaar is nie, ook nie dat 'n bepaalde volgorde 'n bepaalde ritme gee nie, ook nie dat die opeenvolging van sekere klanke melodius is en visa-versa. Hierdie dinge is gegee. Nou het die mens die vermoë om uit die veelheid van klanke, verskeidenheid van ritmes, moontlikhede van melodieë, ens., verskillende kombinasies te maak en sodoende 'n komposisie in 'n nuwe eenheid as kunsskepping daar te stel. Dit hoef nie 'n afbeelding of selfs 'n idealisering van die natuur te wees nie, dit kan iets totaal nuuts wees en tog is dit maar net 'n aktualisering van 'n skoonheidspotensiaal wat God daargestel het. Dit is in hierdie sin dat ons kan sê dat die skoonheid wat die mens voortbreng in sy verskillende kunsskeppings - die harmonie, die melodie en ritme in sy lied; die kleurharmonie en kleurkontraste in sy skildery; die woordmusiek, rym en ritme in sy gedig; ens. - alles maar net vae skimbeelde is van die skoonheid as skepping van God. Ons kan dit kort saamvat deur te sê: die skoonheid roep om verwerklik te word en die kunstenaar hoor daardie roepstem - dit is inspirasie - en deur sy skoonheidsvisie gedring, gee hy gestalte daaraan in een of ander medium en in een of ander vorm.

Volgens Cassirer is kuns simboliese taal vir sover dit orde bring in die ontwaring van die sigbare, hoorbare en voelbare dinge. Die weergawes (representations) van kuns in sinnelike vorme is 'n nuwe oriëntering van die mens se denke, gevoel en verbeelding en as sodanig 'n manifestasie van sy innerlike lewe. Ons stem saam dat kuns sinlik gebonde is maar verskil in siening oor wat die band is. Die orde lê ingeskape in die sigbare, hoorbare en voelbare dinge (ook die skoonheid) en is objek-

1. G. Dekker in Standpunte, Apr. 1953  
2. E.o.M., 151.

tiewe, sinvolle en gegewe moontlikhede vir menslike kunsskepping. Die mens kan as gevolg van sy sondeval nie hierdie orde en skoonheid ten volle ontwaar nie en sy vermoë tot kuns is juis daarin geleë dat hy dit kan ontdek en in een of ander waarneembare vorm kan vaslê en dit altyd net ten dele. Die volmaakte kunswerk is nog nooit voortgebring nie, en dit kan ook nie, want kuns is altyd subjekgebonde en daarom onvolmaak. Ware kuns, dit wil sê openbaring en aktualisering van skoonheid in een of ander vorm is net so onderhewig aan onbreekbare norme (in die sin onbreekbaar dat as aan hulle nie gehoor gegee word nie, geen ware kuns kan voortgebring word nie maar wel valse en onegte kuns) as wat die wetenskaplike is aan die natuurwet in die utilisering van sy uitvinding. Net so min as wat die natuurwet 'n skepping van die menslike gees is, net so min is dit die geval met die estetiese norme en wette. Dit is skeppinge van God deur middel waarvan Hy sin, orde, betekenis, harmonie, eenheid, ens. in Sy skeppinge lê.

Selfs die vorme waarin die kunstenaar sy kunsskeppinge giet, is nie in die volle sin van die woord skeppinge nie. Ons kan met 'n enkele voorbeeld verduidelik: Ritme is een van die essensiële eienskappe van ware kuns of dit nou al in die kunswerk, die gedig, die komposisie, ens. gevind word; by sommige is dit net meer openbaar as by andere. In die skepping van God vind ons ook die ritme - in die eb en vloed van die see, in die aanrolling van die branders, in die hartslag van mens en dier, in die wisseling van die jaargetye. Is die ritme in die kuns dan nie maar die gebruikmaking van 'n gegewe werklikheid nie?

Miskien kan van bostaande afgelei word dat ware kuns maar net 'n afbeelding van die natuur is, of dat daar vir die kunstenaar in sy kunsskepping geen vryheid van verbeelding of uitbeelding is nie, of dat daar in die tipiese skeppingskarakter van kuns nie reg geskied laat word nie. Dit is nie die geval nie. In die interpretering van die wondere van die kosmos en in die aktualisering van die skoonheidspotensiaal wat daarin geleë is word van die kunstenaar 'n hoë mate van oorspronklikheid en verbeelding vereis. Uit die oneïdigheid van die ritmiese moontlikhede, kleurskakerings, klankwaliteite, ens., ens. het die kunstenaar vryheid van keuse sodat sy verbeelding hier vry spel het. In sy weergawe van skoonheid wat hy ontdek het, moet hy meester wees in die hantering van sy medium, sodat medium, tegniek en komposisie 'n nuwe eenheid vorm waarin nie die ding weergegee word nie, maar waarin sy skoonheidsvisie gestalte kry; hierin lê die skeppingskarakter van kuns.

Vir Cassirer lê die bevryding in kuns in die losmaking van die mens van sy sinnelike ervaring, sowel as in die bevryding van die las van sy emosies. Ons wil die ontladings en katartiese waarde van kuns gereedlik erken, maar Cassirer soek die spanning op die verkeerde plek. Ons praat nie hier van die besondere dinamiese aspek van kuns nie, naamlik die drang tot kunsskepping of, soos ons hierbo gesê het, die drang tot die vergestaltung van die skoonheidsvisie; solang hierdie drang daar is sal daar spanning wees. Die spanning waarvan ons hier praat lê in die

sondebevangenheid van die mens en sy gevolglike onmag om sy emosies met 'n innerlike harmonie te laat verloop; dit lê in die konflik tussen wil en drang, tussen vlees en gees. Die vryheid wat kuns bring lê in die beheersing van die emosies. As Cassirer dan verder in die kuns 'n selfbevrydingsproses sien omdat hy hom losmaak van die sintuiglike ervaring en daardeur toetree tot die ryk van lewende vorme (ideation), vorme wat hy met sy ordoskeppende gees self daarstel, dan dwaal hy (vergelyk kritiek by ander sektore).

Die vryheid wat kuns vir die mens bring lê in sy roeping om ook op die gebied van die kuns as koning, priester en profeet op te tree. Om kunstenaar te kan wees moet hy kan heers oor homself, moet hy beheer hê oor die media wat hy gebruik, moet hy vaardig wees in die toepassing van hierdie media en moet hy sy verbeelding aan bande kan lê sodat hy dit kan rig en 'n eenheid daarstel uit die menigvuldigheid van sy sintuiglike indrukke. In sy profetiese hoedanigheid moet hy geïnspireerde skoonheidsvisie openbaar en die vermoë om hierdie visie aan ander oor te dra. Hy moet priester wees sodat hy in hierdie skoonheidsvisie en vergestaltung daarvan kan heenwys na die Skepper van skoonheid en sodoende God in sy kuns vereer.

4. Geskiedenis. Aan die einde van sy betoog oor Geskiedenis maak Cassirer die opmerking dat hy nie in hierdie hoofstuk die filosofie van geskiedenis wou behandel nie want dan sou hy die historiese proses moes behandel. Wat hy wou doen was om die plek van die historiese kennis in die organisme van die menslike beskawing te bepaal. Wat vir hom dus van belang is, is om vas te stel hoedat die mens tot historiese kennis kan kom of om in dit sy taal te stel, hoedat die mens 'n simboliese rekonstruksie van die verlede kan maak.

Voordat die historiese gebeure, die geskiedenis self, enige betekenis vir die mens kan hê of voordat die mens kennis van hierdie gebeure kan opdoen moet hy dit eers transendentiaal, simbolies-funksioneel vertolk (weer die subordinering van die genetiese aan die transendentale - 'n beginsel wat sy hele simboolbeskouing kenmerk). Dit is dus te verstane waarom hy met historiese kennis begin. Dit is egter volgens ons beskouing foutief. Ons moet eers weet wat die geskiedenis self is voordat ons die probleem van die kennis van geskiedenis kan benader.

In sy ontleding van geskiedenis onderskei Cassirer nie altyd duidelik tussen die historiese proses (die voortgang van die menslike gebeure), geskiedenis as wetenskap (die wete van die voortgang van die gebeure en onderskei van natuurwetenskap) en die simboliese rekonstruksie van die verlede nie. Die gevolg hiervan is dat sy uiteensetting soms heel verwarrend is.

As ons Cassirer se uitgangspunt sou toegee, wil ons hier geredelik erken dat hy 'n baie oortuigende uiteensetting gegee het van sy geskiedenisbeskouing. Hy openbaar 'n baie deeglike kennis van talryke ander geskiedenisbeskouings en sy ontleding van en kritiek op hulle getuig van 'n

skerpsinnige siening. Hy beklemtoon ook sekere dinge wat vir ons van waarde en betekenis is alhoewel ons nie altyd sy beweegredes daarvoor aanvaar nie. Ons noem die volgende (i) Menslike gebeure van die verlede kan eers suiwer ontleed word as dit gedoen word in die lig van die betrokke tydsomstandighede. Daarom is dit nodig om deur te dring tot die gees van die betrokke tyd. (ii) Ons historiese interpretasie moet voortdurend in heroorweging geneem word - 'n historiese weergawe van die verlede is nie vir eens en altyd afgehandel nie. (iii) Nie alle feite van die verlede is van ewe groot historiese belang nie. Daar moet keuring plaasvind (iv) Die historikus moet sy stof sonder enige godsdienstige, nasionale, politieke of enige ander partydigheid of vooroordeel benader. Dit beteken nie dat in die beskrywing van die geskiedenis (wetenskap van geskiedenis) daar nie van sekere veronderstellings uitgegaan mag word nie. Dit doen ons en Cassirer ook.

Ons verskil van Cassirer ten opsigte van sy beskouing van wat geskiedenis is. Soos ons reeds hierbo gestel het gaan dit by Cassirer oor hoe die mens tot kennis van die geskiedenis kan kom en hy het nie 'n uiteensetting van 'n geskiedenisfilosofie gegee nie (ons het dit nêrens teëgekomp nie). Dit is volgens ons mening nodig om eers vas te stel wat geskiedenis is voordat ons die wetenskap van die geskiedenis kan ondersoek. Geskiedenis as geskiedenis (volgens Cassirer die historiese proses) is die opeenvolging van gebeurtenisse wat voortgang vertoon, dit wil sê die nuwe volg op die oue en word op sy beurt weer die oue vir die volgende nuwe. Die menslike gebeure is vanaf die begin - vir ons die skepping - in een voorwaartse of progressiewe lyn aaneengeskakel tot vandag toe en sal so aaneengeskakel bly tot by die einde - vir ons die wederkoms van Christus. Let wel, dit beteken glad nie dat daar altyd vooruitgang sal wees nie. Die geskiedenis ken agteruitgang en vooruitgang, opkoms en verval, voorspoed en teëspoed in die menslike gebeure. Ons het egter hier te doen met waardebepalings wat niks met die voorwaartse gang van geskiedenis te doen het nie. Die geskiedenis gee geen uitspraak oor waarheid, goedheid, nuttigheid, ens. nie. Die historiese norm gee uitspraak oor die voortgang van geskiedenis en dit is alleen wanneer ander norme op die historiese gebeure toegepas word dat uitspraak gegee kan word oor die vooruitgang, agteruitgang, ens. Geskiedenis as wetenskap is gebind aan hierdie voorwaartse gang van menslike gebeure en moet dit getrou weergee soos dit gebeur het. Vir Cassirer is dit glad nie geskiedenis nie maar slegs die materiaal waarvan die historikus transendentiaal-funksioneel en simboolskeppend sy kennis van geskiedenis vorm (soos taal uit klanke gevorm word) en sodoende 'n nuwe werklikheidsdimensie skep. Historiese waarheid bestaan vir Cassirer nie uit ooreenstemming met feite nie, maar in die funksionele simboliese toekenning van die korrekte "meaning" aan die gebeure en feite. Wat dus vir Cassirer geskiedenis is, is vir ons maar net 'n menslik-simbolies-konstruktiewe vertolking daarvan.

Cassirer beweer dat historiese feite tot die verlede behoort en hulle kan eers dan as historiese feite aanvaar word as die mens 'n simboliese of idiële rekonstruksie daarvan gemaak het. Die historisiteit van die gebeurtenisse van die verlede lê dus nie in die gebeurlikheid self nie, maar dit lê in 'n rekonstruktiewe skepping van die menslike gees. Gebeure en feite van die verlede word eers histories bepaalbaar as die mens dit simbolies interpreteer het. Ons stem saam dat die historiese feite (dokumente en monumente) deur die historikus vanuit sy agtergrond vertolk moet word. Vertolking en ontsyfering is egter iets heel anders as om met betekenis te belaa, as om sin daaraan te gee. Die dokumente en monumente van die verlede het 'n eie sin en betekenis nog voordat dit verstaan word en hulle word nie slegs deur simbole verstaan nie; hulle spreek self en vir hulle self. Deur die ontsyfering en die vertolking van die feite van die verlede word tot die verlede werklikheid self gekom en nie maar tot 'n simboliese rekonstruktiewe skeppingsproduk van die menslike gees nie. So 'n siening is 'n veronagsaming van die deur God bepaalde historiese orde. Die voortgang van die menslike gebeure is onafhanklik van wie dit vertolk of hoe dit vertolk word.

Soos ons reeds hierbo gesê het stem ons saam dat die geskiedenis voortdurend oorgeskryf moet word. Vir hom lê die noodwendigheid van die interpretasie en herinterpretasie in die feit dat kennis van die historiese kontinuïteit bestaan in die kontinuïteit van interpretasie. Die noodwendigheid van die herskrywing van die geskiedenis lê vir ons in die noodwendigheid om 'n steeds getrouer beeld te probeer gee van die voortgang van gebeure. Dit is moontlik omdat daar voortdurend nuwe gegewens tot ons beskikking kom en omdat die historiese perspektief met die voortgang ook 'n getrouer siening meebring.

Cassirer kom voor die dilemma te staan van historiese objektiwiteit teenoor die subjektiwiteit van die historikus. As geskiedenis dan 'n skepping van die menslike gees is hoe kan dit objektief wees? Hy soek die oplossing in die universele simpatie van die historikus waardeur hy onpartydig staan teenoor vriend en vyand. Hy tref geen sedelike oordeel nie en staan emosioneel buite die wêreld. Op die wyse kan die historikus sy kennis van geskiedenis verbeeldend-konstruktief vorm en aan die geskiedenis 'n weergeboorte gee kragtens die transendentale aard van die simboliese funksie. Die objektiwiteit van die geskiedenis lê vir ons in die verstaan van die gebeure soos dit gebeur het afgesien van enige vooroordeel en persoonlike faktore. Ons wil hier geredelik erken dat dit haas onmoontlik is om die persoonlike faktor uit te skakel en dit vir die volgende redes: (i) Alle wetenskappe vind hulle oorsprong by mense en in alle wetenskappe speel die persoonlike faktor 'n rol en dus ook by die geskiedenis. (ii) Die historikus as persoon kan nooit oor al die gegewens beskik nie. (iii) Elke historikus verskil van aanleg en talent en dit laat hom die historiese gegewens verskillend sien. (iv) Die agtergrond en die lewens- en wêreldbeskouing verskil by historici en

daarom word die historiese gegewens vanuit ander veronderstellings benader en in verskillende lig gesien. (v) Elke historikus is aan sy eie teenwoordige onbreekbaar vasgekoppel - dit sluit in sy eie unieke bestaan as behorende aan 'n besondere historiese situasie waar onder 'n besondere nasie, besondere plek, besondere omstandighede, ens. Dit alles het as gevolg dat daar by elke historikus 'n daadwerklike verskil in vertolking is. Maar vertolking mag egter nooit die ideaal van kennis van die verlede wees nie. Die verlede moet verstaan word soos dit behoort en wil verstaan word. Dit is waar ons so radikaal van Cassirer verskil. Hy sien die ideaal van objektiwiteit juis in die universele, simpatiske vertolking (transendentiaal, simbolies, funksioneel) waardeur die mens aan die verlede sin en orde toeken. Vir ons bestaan die verlede met sy eie sin en orde onafhanklik van die mens en die historiese objektiwiteit lê in die ken en openbaring van daardie sin en orde.

In sy beklemtoning van die universele laat Cassirer ook nie reg geskied aan die partikuliere nie. Alhoewel die historikus met die algemene en die universele te doen het, moet hy, as hy 'n bepaalde tydsgewrig histories wil verstaan, juis 'n insig hê in die partikuliere en hoe dit van die voorafgaande en die nakomende verskil en daarmee in die voorwaartse gang van geskiedenis saamgebind is.

Cassirer erken die waarde van die verskillende metodes wat in die geskiedenis gebruik is maar volgens hom kan nie een van hierdie metodes tot die wese van die geskiedenis deurdring nie. Uit al die gegewens wat deur hierdie metodes versamel is, is maar nog net die materiaal gevind en die beslissende historiese vormende handeling moet nog uitgevoer word. Die historikus moet met sy kunstenaarsverbeelding, funksioneel en simboolvormend uit hierdie materiaal 'n rekonstruksie van die verlede maak. Die historikus gaan nooit by die empiriese werklikheid van dinge verby nie maar giet dit in 'n nuwe vorm naamlik "the ideality of recollection". Ons stem saam dat al hierdie metodes vir ons kennis van die verlede kan bring, maar hierdie kennis is nog nie 'n weergawe van die menslike gebeure as sodanig nie. Hierdie kennisfeite is losstaande en moet saamgevoeg word sodat dit samehang vertoon. Hierdie samehang lê egter nie net in die funksie van die menslike gees nie (dit is wat Cassirer raaksien), maar dit lê inherent in die gebeure self. Nou moet die historikus met sy historiese visie (nie kunstenaarsverbeelding nie) hierdie samehang gryp en blootlê en bring dan, in Cassireriaanse taal, "the reality of recollection". Geskiedenis as wetenskap is die werklike verstaan van geskiedenis as proses. Die historikus moet in die samestelling van die historiese samehang (geskiedenis as wetenskap) oordele vel, feite vertolk, tot gevolgtrekkings kom maar in al hierdie aktiwiteite is hy aan die werklikheid van die verlede gebonde. Die verhouding van die historikus tot sy materiaal is nie, soos Cassirer dit stel, primêr "from inside to outside" nie, maar ook "from outside to inside". In hierdie verhouding is dit die "outside" wat bepalend moet wees vir die historiese waarheid

en nie die "inside" nie.

In sy slotparagrafe van sy hoofstuk oor geskiedenis, sê Cassirer dat geskiedenis ons 'n magtige instrument bied om 'n antwoord te vind op die vraag: Wie is die mens? So gesien is geskiedenis 'n orgaan tot die verwerving van selfkennis. Dit is trouens wat die mens in elke kultuursektor volgens Cassirer doen. Hierdie stelling is dubbelsinnig. Omdat geskiedenis antropomorf is is hierdie selfkennis antropomorf; dit wil sê, die kennis betrek die mens as simboolwese in sy funksie as simboolskepper en nie kennis van myself as besondere wese nie.

Ten slotte, geskiedenis moet antropomorf wees, want geskiedenis is menslike gebeure. Die geskiedenis moet die menslike gebeure verstaan soos dit verstaan wil word; met ander woorde, die menslike faktor in die verstaan van die geskiedenis behoort ons nie 'n verkeerde beeld van die geskiedenis te gee nie. Ons moet hier duidelik onderskei tussen drie begrippe naamlik, die antropomorfe aard van geskiedenis, die menslike of persoonlike faktor in die vertolking van die geskiedenis, en die egosentriese neiging (al is dit in 'n universeel-transendentale sin) by die mens. In die geskiedenis as wetenskap en in die vertolking van die verlede mag die menslike faktor en die egosentriese neiging nie 'n skewe beeld van die geskiedenis gee nie, dit wil sê van sy tipes menslike of antropomorfe aard berowe nie. Alhoewel antropomorf van aard is geskiedenis teosentriërs gefundeer. Dit staan onder die leiding en wet van God en moet ook 'n roeping wat deur God gestel is vervul. Ons geskiedenisopvatting is daarom nie humanisties soos die van Cassirer nie.

5. Wetenskap. In sy behandeling van die wetenskap as een van die kultuursektore gee Cassirer nêrens sy beskouing van wat wetenskap is nie. Ons kan egter aflei dat hy die natuurwetenskappe bedoel as hy van wetenskap praat (sy opvatting van wetenskap plaas ons in aanhalingstekens: 'wetenskap').

In vergelyking met die ander kultuursektore gee hy in hierdie hoofstuk nie so 'n deurdringende en omvattende ontleding van 'wetenskap' nie, as wat met die ander die geval is. Hierdie word nog meer opsigtelik omdat hy die 'wetenskap' as die hoogste van al die mens se kultuurprestasies beskou.

Die algemene kritiek wat in die ander kultuursektore op sy transendentale uitbring is, is mutatis mutandis ook hier van toepassing en ons sal dit dus nie herhaal nie.

Sy uiteensetting van 'wetenskap' getuig van heldere siening en bevat ook heelwat waarheidsmomente. Ons noem net die belangrikste: (i) Sy tipering van die voorwetenskaplike stadium is korrek al kan dit miskien anders geformuleer word. (ii) Sy beklemtoning van die belangrikheid en onmisbaarheid van 'n sistematiese en samehangende terminologie vir die 'wetenskap' kan nie oorskat word nie. (iii) Dat die moderne begrip van 'wetenskap' innig verbonde is met die ontdekking van die 'taal' van getalle, wil ons graag onderskryf. (iv) Cassirer het gelyk as hy stel dat

getalle nie substansies is nie, maar dat hulle hoeveelheidsbepalings en verhoudings uitdruk. Sy getalle leer bevat heelwat waarheidsmomente wat ons nie in hierdie verband hoef te noem nie.

Die 'wetenskap' is vir Cassirer die hoogste en mees kenmerkende verwerwing van die mens in sy kultuur en dit is die terrein waar die menslike gees tot sy hoogste prestasie in orde- en sisteemskepping kom. Hierdie uitspraak van hom getuig van sy Neokantiaanse idealisme waarin die betekenis van die proses van "ideation" fundamenteel is; ook van sy vertroue op die outonomie van die rede (transendentiaal gesien). Die hoogste wat die mens kan bereik lê volgens ons beskouing nie in die 'wetenskap' nie maar in die godsdiens waar die mens met God gemeenskap kan hê, Hom kan dien en verheerlik in sy godsdiensbeoefening, ens. Selfs op die sedelike gebied waar die mens self- en naasteliefde beoefen is die aktiwiteite van die mens hoër en meer kenmerkend. As Cassirer sê dat die 'wetenskap' die "summit and consummation of all our human activities"<sup>1</sup> is dan gee hy hierdeur te kenne dat die 'wetenskap' die godsdiens en sedelike daaraan subordineer. Dit is 'n miskenning van die wesenlike aard van die mens.

Cassirer se implisiete aanvaarding van die outonomie van die rede kan ons ook nie onderskryf nie. Selfs in die 'wetenskap' kan die mens net ten dele ken en die mees fundamentele beginsels van die 'wetenskap' gaan aan die 'wetenskap' vooraf. Dit wortel in die mens se lewens- en wêreldbeskouing. Ons erken geredelik dat die mens in die 'wetenskap' baie hoër prestasies van uitvinding en ontdekking bereik en dat die hoër betekenis van die 'wetenskap' beswaarlik oorskot kan word. Tog is die 'wetenskap' en die wetenskaplike uitvindings en ontdekkings maar slegs 'n weerspieëling van die werklikheid buite die mens - die 'wetenskap' bly aan God se wetsorde onderworpe. Dit is trouens die roëping van die mens om 'wetenskap' te vorm en is dit die funksie van die 'wetenskap' om die openbaring van God in sy Woord en in die Skepping vir die mens bloot te lê en verstaanbaar te maak; om die mens in staat te stel om in 'n relatiewe sin die skepping tot eer van God te beheers en om sy magte in diens van die roëping van die mens te gebruik. So ook word die 'wetenskap' in diens van ander kringe gestel. As Cassirer dan die funksie van die 'wetenskap' sien as die proses wat "... leads to a stable equilibrium, to a stabilization and consolidation of the world of our perceptions and thoughts"<sup>2</sup> is sy beskouing te eng. Dit is nie alleen die 'wetenskap' wat die stabiliteit bewerkstellig nie; dit is ook nie die enigste funksie van die 'wetenskap' nie; en ten laaste behoort hierdie siening van funksie nie net denke en waarnome in te sluit nie, maar wel al die kenbronne. Hierdie bogenoemde siening van die funksie van 'wetenskap' spruit uit Cassirer se enge opvatting van 'wetenskap' waar hy dit wil beperk tot die natuur. Onder wetenskap verstaan ons nie slegs die wetenskap van die natuur nie maar die wetenskap van die hele kosmos. Dit sluit in alle kennis wat geverifieer en gesistematiseer is en betrek 'n

1. E.o.M., 207

2. Ibid, 207.

groot verskeidenheid van kenisterreine soos die wysbegeerte, teologie, sosiologie, geskiedenis, opvoedkunde, ens.

Cassirer se aanvaarding dat die mens deur die daarstelling van 'n ander maatstaf vir waarheid en 'n ander beginsel van orde hom uit die voorwetenskaplike tot die 'wetenskaplike' stadium ophef, is 'n eonsydige benadering van die probleem. Beide die wetenskaplike en die voorwetenskaplike staan voor dieselfde gegewens, dieselfde openbaring en dieselfde waarheid. Waar die verskil lê, is dat die wetenskaplike sy oog, uit die volheid van sy ervaring, rig op kennis as kennis, die geldigheid daarvan wil vasstel en hierdie kennis met die nodige tegniek, metode, ens, in teorieë of sisteme wil vaslê, terwyl die voorwetenskaplike hom nie beperk tot die waarneembare nie. Dit is dus nie 'n ander maatstaf van waarheid nie maar 'n ander benaderingswyse van die waarheid. Die voorwetenskaplike is meer konkreet op ervaring ingestel, terwyl die wetenskaplike tot al hoe meer omvattende abstraksies oorgaan.

Net soos ons in die ander kultuursektore aangetoon het dat die mens se kennis van die werklikheid nie maar 'n simbolies-funksionele konstruksie daarvan is nie, is dit ook die geval met die 'wetenskap'. Die 'wetenskap' maak gebruik van simbole en druk sy oordele, bevindings en teorieë oor die kenbare o.a. in simbole uit, maar die 'wetenskap' is meer as simbool. Die kenner (wetenskaplike) staan in direkte en indirekte kontak met die kenbare en as sodanig is die kenning (wetenskap) 'n deelname aan die waarheid, aan dit wat gegee is om te ken. Al sou die kenbare as 'n abstraksie en die kennis as 'n abstraksie alleen deur middel van simbole benader kan word, ken die mens die kenbare self want die kontak tussen kenbare (as sodanig sinvol) en die kenner is reëel en nie net simboolskepend-funksioneel nie.

Cassirer sê dat die 'wetenskaplike' klassifikasie in die sin kunsmatig is dat dit 'n skepping van die menslike gees en nie 'n beskrywing van die natuur is nie. In die natuur kom daar slegs individuele en onderskeie fenomene voor en as hierdie fenomene onder klassebegrippe geplaas word is dit nie 'n beskrywing van die feite van die natuur nie. Hierteenoor handhaaf ons 'n radikaal verskillende beskouing. Klassifikasie is wel 'n aktiwiteit van die menslike gees, maar dit is 'n aktiwiteit wat daarop gemik is om juis die godgegewe orde en die sisteem in die hele skepping weer te gee. Hoe meer korrek en noukeurig hierdie klassifikasie is, hoe meer dit 'n ooreenstemming met die werklikheid vertoon en hoe meer beskrywend en verklarend dit word van die orde en sisteem in die skepping self.

Getalle is wel simbole maar nie in die sin wat Cassirer dit bedoel nie. Die waarneembare getallesimbole is nou wel skepping van die menslike gees maar die kardinale getalle het bestaan as kwantitatiewe ordebepalings in die skepping, afgesien of die mens daarvan simbole maak of nie. Getalle is nie uitvindings van die menslike gees nie maar is gegrond in ontdekkings. Dit is gebonde aan net so 'n godgeskape en onbreekbare

wetmatigheid as die res van die skepping (Cassirer noem dit 'n "definite structural law"). Dit is juis hierin waar sy waarde as verklaringsprinsipe vir die wetenskap lê en dit is ook as gevolg hiervan dat die mees abstrakte wiskundige formules vasgestel kan word. Dat die kwantitatiewe orde 'n inherente deel is van God se skepping en nie maar net 'n geloofsaanvaarding is nie, word vir ons bewys deur die feit dat sowel die orde asook die wetmatigheid in die skepping so dikwels ook met 'n numeriese verhouding uitgedruk kan word. Die getalle word deur die menslike verstand geken en kan as gevolg hiervan as instrumente dien vir die openbaarmaking van 'n godgeskape orde, sisteem en wetmatigheid in die skepping.

Ons stem saam dat 'wetenskap' nie slegs 'n versameling van feite is nie. Hierdie feite moet in verband met mekaar gebring word, nuwe verhoudings moet vasgestel word, nuwe insigte verkry word, ens. Dit is teoretiese konstruktiewe werk, maar nie om 'n menslike simboliese universum saam te stel nie, dog om die grootheid en wonder van die skepping van God te openbaar en om dit te beheers.

6. Samevatting. Omdat ons in die tetiese uiteensetting 'n oorsig probeer gee het is dit ook nodig dat ons 'n samevatting van die kritiese opmerkings sal gee om sodoende 'n geheeloorsig van sy siening te kry. Hierdie oorsig van die kritiek sluit ook in kritiese opmerkings oor die saamvatting wat Cassirer self in sy "An Essay on Man" gegee het. Dit is ook onvermydelik dat daar herhaling van opmerkings moet wees.

Cassirer se uitgangspunt is humanisties eensydig. Vir hom is die mens selfgenoegsaam en die wêreld waarin hy beweeg is skeppinge van sy eie gees. Op die voetspoor van die Neokantianisme sien hy die verhouding waarin die mens teenoor die kosmos staan as 'n verhouding waarin hy aan die mens magte toeskryf wat hy nie besit nie. Hierteenoor handhaaf ons die fundamentele onselfstandigheid van die mens in die verhouding waarin hy teenoor die kosmos en teenoor God staan.

Hy stel die transendentale metode fundamenteel voorop. Hy soek in die gees van die mens die transendentale voorwaardes wat kennis vir hom moontlik maak en waardeur hy op alle terreine van die menslike kultuur as wetgewer en ordebringer optree. Hy erken ook die genetiese gegewens en hierdeur gaan hy verder as Kant, maar hierdie gegewens word telkens in die lig van die transendentale gesien. As gevolg hiervan gaan sy vertolking van die empiriese en genetiese gegewens mank aan eensydigheid. Hierdie gegewens moet in hulle eie lig verstaan word anders gaan die objektiwiteit verlore. Vir Cassirer lê die objektiwiteit uitsluitlik in die funksie van die menslike gees, terwyl die objektiwiteit vir ons lê in die aanvaarding van die mens, met behulp van die funksies van sy gees, van die bestaan van die kosmos buite hom met 'n eie wese en eie wetmatigheid. Objektiwiteit is die weergawe van daardie wese en wetmatigheid.

Cassirer sien die mens as wesensverskillend van die dier en hierdie verskil lê vir hom in die geestelike wat hy by die mens veronderstel. Kragtens hierdie geestelike aard van die mens kan hy simbole vorm en

daarom noem hy die mens 'n animal symbolicum. Vir ons lê die wesensverskil tussen mens en dier nie in die feit dat hy simbole vorm nie, maar daarin dat hy anders as die dier geskape is en dat hy kragtens die feit onder andere simbole kan vorm; ook nie simbole waardeer hy orde en wetmatigheid in sy wêreld bring nie, maar simbole wat heenwys na iets wat selfstandig buite die mens bestaan. Daarom sit die mens nie in die Cassireriaanse, selfgemaakte simboliese werklikheid gevange nie, maar kan hy die kenbare werklikheid self ken; die onmiddellike band wat tussen die mens en die kenbare objek bestaan word nie deur die simboliese funksie deurgesny nie. Daar is ook 'n baie dieper eenheid as die *vinculum functionale* tussen mens en mens en tussen die mens en sy werk. Die fundamentele eenheid wat daar tussen mense is, lê in die feit dat alle mense na die beeld van God geskape is sowel as geskape met die bevoegdheid en roeping om God te dien, die natuur te beheers en kultuur te vorm.

Die kultuurskepping is vir Cassirer, as gevolg van sy transendentale siening, altyd "from inside to outside". Alhoewel hy ten dele geregverdig is in sy siening omdat daar in die kultuurskepping altyd iets uitgaan van die gees van die mens, is dit 'n miskenning van die wesenlike selfstandigheid van dit wat buite die mens is en wat deeglik in ag geneem moet word in die kultuurvorming van die mens. Die proses is "from outside to inside" sowel as "from inside to outside".

Die verskillende kultuursektore moet, volgens Cassirer, gesien word as uiteenlopende strale met 'n gemeenskaplike brandpunt, te wete die "functional unity of man". Die eenheid van die kultuur moet dan in hierdie brandpunt gesoek word. Die eenheid van die kultuur is baie meer as hierdie eensydige antroposentriese humanistiese siening van Cassirer. Ten eerste is daar 'n teologiese eenheid want alle dinge is uit, deur en tot God. Ten tweede is daar 'n formele eenheid wat bestaan uit die onselfgenoegsaamheid, wetsonderworpenheid ens. van alle dinge. Ten derde is daar die eenheid wat bestaan uit die samehang van die verskeidenheid in die hele kosmos. Ten vierde is daar die eenheid wat lê in die menslike aard, vermoë en aanleg van die mens tot kultuurskepping.

As gevolg van sy siening van die "functional unity of man" is die samelewing van Cassirer niks anders as 'n verbinding van enkelinge nie. Die sosiale eenheid van gemeenskapskringe soos byvoorbeeld die gesin, die volk, die kerk, ens. wat baie meer is as 'n verbinding van individue skyn hy nie te ken nie. Daarom kom die sosiale aspek van kultuurvorming by Cassirer nie tot sy reg nie.

Vir Cassirer gaan die mens se ontwikkeling in sy kultuur langs die weg van selfbewuswording en selfontplooiing, as 'n ontwikkeling van progressiewe selfbevryding. Hierdie ontwikkelingsproses is nie, soos Cassirer dit sien, fundamenteel humanisties nie maar fundamenteel teosentries. Vryheid is ook nie maar net bevryding van die gebondenheid aan die sinnelike en sinlose nie maar is baie meer as dit. Vryheid is die vervulling deur die mens van sy godgestelde roeping; vryheid is kultuurskepping in wetsvervulling;

ping in wetsvervulling; vryheid is om God te dien; vryheid is deelname aan die stryd tussen die Ryk van die Lig en die Ryk van die Duisternis. Vryheid is dus baie ryker en dieper as wat Cassirer dit sien.

In kultuurskepping sien Cassirer 'n spanning- en strydelement, maar in hierdie stryd is dit altyd, volgens hom, progressie wat die deurslag gee. Daarom noem hy die menslike kultuur as een groot voorwaartse beweging tot progressiewe selfbevryding. Hierdie interpretasie van die geskiedenis van die mensdom word geloënstraf deur die geskiedenis self. Keer op keer is dit vir ons in die geskiedenis bewys dat die mens, as hy tot groot kultuurhoogtes gestyg het, die slaaf van sy eie skepping word. In ons moderne tyd van uitstaande kulturele ontwikkeling kan ons maar net wys op die twee wêreldoorloë, die aanwending van die 'wetenskap' tot uitdelging, ens., ens. Die hele geskiedenis van die mensdom is 'n beeld van aksie en reaksie, van opkoms en ondergang, van bloei en verval. Cassirer se grootse siening van progressiewe selfbevryding openbaar dus 'n ongeregverdigde optimisme in die r a t i o en die h u m a n i t a s.

Dat Cassirer se siening groots is, dat hy in sy "An Essay on Man" tot diepe insigte kom, dat sy uiteensetting hiervan oortuigend is, dat hy op 'n baie hoë noot eindig, wil ons graag beklentoon, maar in die verheerliking van die mens en sy kultuur, sien hy "dwaallicht haast voor starren aan".

CANCELLED